KENNISGEWING 2875 VAN 2001**PRETORIA-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1974**

Ingevolge klousule 18 van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, word hiermee aan alle belanghebbendes kennis gegee dat ek, Uschi Buenzli van voornemens is om by die Stadsraad van Pretoria aansoek te doen om toestemming om 'n tweede woonhuis op te rig op 547 Doornpoort ook bekend as Denneboomstraat 340, geleë in 'n Spesiale Woon sone.

Enige beswaar, met die redes daarvoor, moet binne 28 dae na publikasie van die advertensie in die *Provinsiale Koerant*, nl 30 Mei 2001, skriftelik by of tot: Die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Derde Vloer, Kamer 328, Munitoria, h/v V/d Walt en Vermeulen Straat, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan gedurende gewone kantoorure by bogenoemde kantoor besigtig word vir 'n periode van 28 dae na publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Sluitingsdatum vir enige besware: 27 Junie 2001.

Aanvraer straatnaam en posadres: Ficusstraat 26, Annlin, Posbus 31907, Totiusdal, 0134. Telefoon: 082 971 5710.

KENNISGEWING 2876 VAN 2001**PRETORIA-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1974**

Ingevolge klousule 18 van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, word hiermee aan alle belanghebbendes kennis gegee dat ek Willem Adriaan Swanepoel van voornemens is om by die Stadsraad van Pretoria aansoek te doen om toestemming om 'n tweede woonhuis op te rig op 3939 Garsfontein x11 ook bekend as 691 Tiervis Straat, geleë in 'n Spesiale Woon sone.

Enige beswaar, met redes daarvoor, moet binne 28 dae na publikasie van die advertensie in die *Provinsiale Koerant*, nl 30-5-2001, skriftelik by of tot: Die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Derde Vloer, Kamer 328, Munitoria, h/v V/d Walt en Vermeulen Straat, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan gedurende gewone kantoorure by bogenoemde kantoor besigtig word vir 'n periode van 28 dae na publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Sluitingsdatum vir enige besware: 29-6-2001.

Aanvraer: W. A. Swanepoel.

Straatnaam en Posadres: 357 Albert Adamson Str., Garsfontein, Pretoria; Posbus 481, Garsfontein, 0042.

KENNISGEWING 2877 VAN 2001**PRETORIA-DORPSBEPLANNINGSKEMA 1974**

Ingevolge klousule 18 van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, word hiermee aan alle belanghebbendes kennis gegee dat ek Barend Daniël Moolman van voornemens is om by die Stadsraad van Pretoria aansoek te doen om toestemming om 'n rekenaar-opleidingsfasiliteit (onderrigplek) te bedryf: dws Opvoedkundig op 786 Lynnwood Uitbreiding 1, ook bekend as Dawn Weg 481, geleë in 'n Spesiale Woon sone.

Enige beswaar, met die redes daarvoor, moet binne 28 dae na publikasie van die advertensie in die *Provinsiale Koerant*, nl. 30 Mei 2001, skriftelik by of tot: Die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Derde Vloer, Kamer 328, Munitoria, h/v V/d Walt en Vermeulen Straat, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan gedurende gewone kantoorure by bogenoemde kantoor besigtig word vir 'n periode van 28 dae na publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Sluitingsdatum vir enige besware: 28 Junie 2001.

Aanvraer straatnaam en posadres: Barend Daniël Moolman, Platinum Architectuur. Telefoon: 0835336610. Gedeelte 42/3, Rietfontein, 375 JR, Posbus 17188, Groenkloof, 0027.

NOTICE 2878 OF 2001**ERF 342 ROBERTSHAM****NOTICE**

I, Mr V.E.S. Binks, being the owner, hereby give notice in terms of section 5(5) of Gauteng removal of building restrictions act, No. 3 of 1996, that I have applied to the Southern Metropolitan Local Council (Greater Johannesburg) for the removal of condition (L), contained in the title deed of transfer No T5179/1983, in respect of Erf 342, Robertsham, which property is situated @161 Rifle Range Road, Robertsham Township, 2091. (Tel) 011—680-2065.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said local authority, Room 5100, 5th Floor, South Wing, "B" Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, from 30 May 2001 until 26 June 2001.

Any person who wishes to object to the application in respect thereof must lodge the same in writing with the said local authority at the above address on or before 26 June 2001.

NOTICE 2879 OF 2001**PRETORIA TOWN-PLANNING SCHEME, 1974**

Notice is hereby given to all whom it may concern that in terms of clause 18 of the Pretoria Town-Planning Scheme, 1974, I, Karina Oosthuizen intends applying to the City Council of Pretoria for consent for erection of a second dwelling-house on Site No. 493 Constantia Park also known as 586 Chopin Street situated in a Special Residential zone.

Any objection, with the grounds therefor, shall be lodged with or made in writing to: The Executive Director: City Planning and Development, Land-Use Rights Division, Third Floor, Room 328, Munitoria, cnr Vd Walt and Vermeulen Streets, P O Box 3242, Pretoria, 0001, within 28 days of publication of the advertisement in the *Provincial Gazette*, viz 30 May 2001.

Full particulars and plans (if any) may be inspected during normal office hours at the above-mentioned office for a period of 28 days after the publication of the advertisement in the *Provincial Gazette*.

Closing date for any objections: 28 June 2001.

Applicant street address and postal address: Mrs K. Oosthuizen, 569 Dwyka Street B, Erasmuskloof, Pretoria, 0048; P.O. Box 11128, Erasmuskloof, 0048. [Tel Nr. (012) 347-8252.]

NOTICE 2880 OF 2001**CITY OF JOHANNESBURG****SOUTHERN METROPOLITAN LOCAL COUNCIL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME**

I, Brenda Reddy, being the authorised agent of the owner of Erf 905, Lenasia South Ext 1, hereby give notice in terms of Section 56 (1) (b) (i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 19 (Ordinance 15 of 1986) that I have applied to the City Johannesburg (Southern Metropolitan Local Council) for the amendment of the Town Planning Scheme in operation known as the Lenasia South East Town Planning Scheme, 1998 by the rezoning of the property described above, situated on the south of Hamilton Street adjoining Park 1333 Lenasia South from Residential to Institutional for the purpose of a private school and day care center, subject to conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the Council's Office, 5th Floor, B Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, for a period of 28 days from 30 May 2001.

KENNISGEWING 2878 VAN 2001**ERF 342 ROBERTSHAM****KENNISGEWING**

Ek, Mnr V.E.S. Binks, die eienaar gee hierby kennis kragtens artikel 5(5) van die Gauteng wet op opheffing van beperkende voorwaardes, Wet No. 3 van 1996, dat ek aansoek gedoen het by die Suidelike Metropolitaanse plaaslike raad (Groter Johannesburg) vir die opheffing van (L), vervat in titelakte No T5179/1983, ten opsigte van Erf 342, Robertsham, welke eiendom geleë is te Rifle Range Weg 161, Robertsham, Dorp, 2091. (Tel) 011—680-2065.

Alle tersaaklike dokumentasie verwant aan die aansoek sal ter insae lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Plaaslike Raad te Kamer 5100, 5de Vloer, Suid Vleuel, "B" Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vanaf 30 Mei 2001 tot 26 Junie 2001.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken teen die aansoek, moet die beswaar skriftelik met die Plaaslike Raad by die adres aangegee hierbo, op of voor 26 Junie 2001.

KENNISGEWING 2879 VAN 2001**PRETORIA-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1974**

Ingevolge klousule 18 van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, word hiermee aan alle belanghebbendes kennis gegee dat ek, Karina Oosthuizen, van voornemens is om by die Stadsraad van Pretoria aansoek te doen om toestemming om 'n tweede woonhuis op te rig op Erf 493, Constantia Park, ook bekend as Chopin Straat 586 geleë in 'n Spesiale Woon Sone.

Enige beswaar, met die redes daarvoor, moet binne 28 dae na publikasie van die advertensie in die *Provinsiale Koerant*, nl. 30 Mei 2001 skriftelik by of tot: Die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Derde Vloer, Kamer 328, Munitoria, h/v Vd Walt- en Vermeulenstraat, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan gedurende gewone kantoorure by bogenoemde kantoor, besigtig word, vir 'n periode van 28 dae na publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Sluitingsdatum vir enige beswaar: 28 Junie 2001.

Aanvraer straatadres en posadres: Mev. K. Oosthuizen, Dwyka Straat B 569, Erasmuskloof, Pretoria, 0048; Posbus 11128, Erasmuskloof, 0048. [Tel Nr. (012) 347-8252.]

KENNISGEWING 2880 VAN 2001**STAD VAN JOHANNESBURG****SUIDELIKE METROPOLITAANSE PLAASLIKE OWERHEID****JOHANNESBURG WYSIGINGSKEMA**

Ek, Brenda Reddy, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 905 Lenasia Suid Uitbreiding 1, gee hiermee, ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stad van Johannesburg (Suidelike Metropolitaanse Plaaslike Owerheid) aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema, bekend as die Lenasia Suid Oos Dorpsbeplanningskema, 1998 deur die hersonering van die eiendom hierby beskryf, geleë suid van Hamilton Straat aangrensend Park 1333, Lenasia Suid Uitbreiding 1 vanaf Residensiële 1 na Institusie, onderworpe aan sekere voorwaardes, vir die stigting van 'n privaat-skool en kleuter skool.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsraad, 5de Vloer, B Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vir 'n periode van 28 dae vanaf 30 Mei 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged in writing in duplicate to the Acting Municipal Manager Urban Planning and Development at the above address or PO Box 30848, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 30 May 2001.

Brenda Reddy, P.O. Box 13145, Lenasia South, 1821. (Tel. 855-9542.) (Fax 855-9542.)

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 skriftelik en in duplikaat by die Waarnemende Munisipale Bestuurder, Stedelike Beplanning en Ontwikkeling by die bovermelde adres of by Posbus 30848, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

Brenda Reddy, P.O. Box 13145, Lenasia South, 1821. (Tel. 855-9542.) (Fax 855-9542.)

30-6

NOTICE 2881 OF 2001
EKURHULENI METROPOLITAN COUNCIL
BOKSBURG ADMINISTRATIVE UNIT
 NOTICE OF RECTIFICATION

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80 read with section 95 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the conditions of establishment applicable to Beyerspark Extension 75 township as published under Notice 1755 of 2000 in the *Provincial Gazette* of 29 March 2000, is hereby rectified by the deletion of condition 1.7 in its entirety.

N. J. SWANEPOEL, Head: Boksburg Administrative Unit

Civic Centre, Boksburg
 30 May 2001
 Notice No. 44/2000
 14/19/3/B3/75

NOTICE 2882 OF 2001

**MIDRAND-RABIE RIDGE IVORY PARK METROPOLITAN
 SUBSTRUCTURE (FOR CITY OF JOHANNESBURG)**
 TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE 1986
 (ORDINANCE 15 OF 1986)
 CORRECTION NOTICE

Notice Number 558 of 2001, 1. Conditions of Establishment, (c) Disposal of existing conditions of title, which appeared in the *Provincial Gazette* on 7 February 2001 is hereby withdrawn and substituted with the following:

"1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT"

"(c) Disposal of existing conditions of title:

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals but excluding Notarial Deed of Servitude No K 702/1999S, dated 15 September 1998, which does not affect the township area."

A MOONDA, Chief Executive

Municipal Offices, 948 Sixteen Road, Randjespark, Midrand, Private Bag X20, Halfway House, 1685
 (Notice No 31-2001)
 (Ref No 15/8/MR8)

NOTICE 2883 OF 2001

EMFULENI MUNICIPAL COUNCIL

GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996
 ERF 531 IRONSYPDE (P1)

It is hereby notified in terms of Section 9(1)(b) of the Removal of Restrictions Act, 1996, that Emfuleni Municipal Council has approved that—

1) conditions 4(a), (c) and (d) from Deed of Transfer T16677/99 to be removed; and

KENNISGEWING 2881 VAN 2001
EKURHULENI METRO
BOKSBURG ADMINISTRATIEWE EENHEID
 KENNISGEWING VAN REGSTELLING

Kennis geskied hiermee kragtens die bepalings van artikel 80 gelees met artikel 95 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 dat die stigtingsvoorwaardes van toepassing op dorp Beyerspark Uitbreiding 75 soos gepubliseer onder Kennisgewing 1755 van 2000 in die *Provinsiale Koerant* van 29 Maart 2000 hiermee reggestel word deur die skraping van voorwaarde 1.7 in sy geheel.

N. J. SWANEPOEL, Hoof: Boksburg Administratiewe Eenheid

Burgersentrum, Boksburg
 30 Mei 2001
 Kennisgewing Nr. 44/2000
 14/19/3/B3/75

KENNISGEWING 2882 VAN 2001

**MIDRAND-RABIE RIDGE IVORY PARK METROPOLITAANSE
 SUBSTRUKTUUR (VIR DIE STAD JOHANNESBURG)**
 ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE 1986
 (ORDONNANSIE NO 15 VAN 1986)
 REGSTELLINGSKENNISGEWING

Kennisgewing Nommer 558 van 2001-05-14, 1. Stigtingsvoorwaardes (c) Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes, wat in die *Provinsiale Koerant* van 7 Februarie 2001 gepubliseer was word hiermee onttrek en vervang deur die volgende:

"1. STIGTINGSVOORWAARDES"

"(c) Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes:

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande titelvoorwaardes en servitute, as daar is met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd: Notariële Akte van Servituu No K792/1999S gedateer 15 September 1998 wat nie die dorp raak nie."

A MOONDA, Uitvoerende Hoof

Munisipale kantore, Sestiendeweg 948, Randjespark, Midrand, Privaatsak X20, Halfway House, 1685
 (Kennisgewing No 31-2001)
 (Verw 15/8/MR8)

KENNISGEWING 2883 VAN 2001

EMFULENI MUNISIPALE RAAD

GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996
 ERF 531 IRONSYPDE (P1)

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 9(1)(b) in die Wet op Opheffing van Bepelings, 1996, bekend gemaak dat Emfuleni Munisipale Raad dit goedgekeur het dat—

1) voorwaardes 4(a), (c) en (d) in Akte van Transport T16677/99 opgehef word; en

2) Peri-Urban Areas Town-planning Scheme, 1975, be amended by the rezoning of Erf 531 in the town Ironsye to "Special" with an annexure, subject to conditions which amendment scheme will be known as Peri-Urban Areas Amendment Scheme P1 as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the office of the Department for Development Planning and Local Government, Johannesburg, and the Chief Town Planner, Municipal Offices, Meyerton.

This amendment scheme will be in operation from 30 May 2001.

W T FIGGINS, Acting Municipal Manager

Municipal Offices, Beaconsfield Avenue, Vereeniging, 1930

(Notice no: 26/2001)

2) Peri-Urban Buitestedelike Gebiede, 1975, gewysig word deur die hersonering van Erf 531 in die dorp Ironsye tot "Spesiaal" met 'n bylae, onderworpe aan voorwaardes welke wysigingskema bekend sal staan as Peri-Urban Buitestedelike Gebiede Dorpsbeplanningskema P1 soos aangedui op die betrokke Kaart 3 en skemaklausules wat ter insae lê in die kantoor van die Departement van Ontwikkelings-beplanning en Plaaslike Regering, Johannesburg, en die Hoof Stadsbeplanner, Munisipale Kantore, Meyerton.

Hierdie wysigingskema tree in werking op 30 Mei 2001.

W T FIGGINS, Wnde Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantore, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, 1930

(Kenningsgewing nr: 26/2001)

NOTICE 2884 OF 2001

ERF 426 VANDERBIJLPARK SOUTH EAST 7

NOTICE

Notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act No 3 of 1996).

Notice is hereby given in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 that Estelle Pienaar, being the authorised agent of the owner has applied to the Emfuleni Municipal Council for the removal of certain restrictive conditions in the Title Deed of Erf 426, Vanderbijlpark South East 7 situated at no 31 Colonel Blake Street. The effect of the application is the street front relaxation of the building line. The application will lie for inspection during normal office hours at the above-mentioned Municipal Council at the office of the Acting Local Manager, Room 402, Municipal Buildings, corner of Klasie Havenga Street and Frikkie Meyer Boulevard, Vanderbijlpark, for a period of 28 days from 30 May 2001 to 27 June 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Acting Municipal Manager at the above address or at PO Box 3, Vanderbijlpark, 1900, within a period of 28 days from 30 May 2001.

Address of agent: PO Box 24127, Three Rivers East, 1941.

KENNISGEWING 2884 VAN 2001

ERF 426 VANDERBIJLPARK SOUTH EAST 7

KENNISGEWING

Kenningsgewing ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wetno. 3 van 1996).

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel (5) (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat ek, Estelle Pienaar, synde die gemagtigde agent van die eienaar by die Emfuleni Munisipale Raad aansoek gedoen het vir die opheffing van sekere voorwaardes vervat in die titelakte van Erf 426, Vanderbijlpark South East 7, geleë te Kolonel Blake Straat 31. Die effek van die aansoek sal wees om die boulyn op die straatgrens te verslap. Alle relevante dokumente lê ter insae gedurende normale kantoorure by bogenoemde Munisipale Raad by die kantoor van die Waarnemende Plaaslike Bestuurder, Kamer 402, Munisipale Gebou, hoek van Klasie Havenga Straat en Frikkie Meyer Boulevard, Vanderbijlpark vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 tot 27 Junie 2001.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 skriftelik by of tot die Waarnemende Plaaslike Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Posbus 24127, Drie Riviere Oos, 1941.

NOTICE 2885 OF 2001

NOTICE OF DRAFT SCHEME

(AMENDMENT SCHEME 7243)

The City of Johannesburg hereby gives notice in terms of Section 28(1)(a) read with Section 55 of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town planning scheme to be known as Johannesburg Amendment Scheme 7243 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone Erf 56 Liefde en Vrede Extension 1 from Government to Business 1 - subject to certain conditions.

The effect is to sell the erf to the general public.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Fifth Floor, Room 5100, "B" Block, South Wing, Metropolitan Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 30 May 2001.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment at the above address or at P O Box 30848, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 30 May 2001.

P MOLOI, Municipal Manager

City of Johannesburg

[(PDCOR/15849)/jve.]

KENNISGEWING 2885 VAN 2001

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

(WYSIGINGSKEMA 7243)

Die Suidelike Metropolitaanse Plaaslike Raad (Groter Johannesburg) gee hierby ingevolge artikel 28(1)(a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kennis dat 'n Ontwerpdorpsbeplanningskema, wat as Johannesburg se Wysigingskema 7243 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n Wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Erf 46 Liefde en Vrede Uitbreiding 1 te hersoneer van Regering na Besigheid 1 - onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die uitwerking hiervan is om die erf te verkoop aan die algemene publiek.

Die ontwerp-skema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Uitvoerende Beampste: Beplanning, Vyfde Vierdieping, Kamer 5100, "B" Blok, Suidelike Vleuel, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of verhoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 skriftelik by die Uitvoerende Beampste: Beplanning by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30848, Braamfontein, 2017, gerig word.

P MOLOI, Munisipale Bestuurder

Stad van Johannesburg

[(PDCOR/15849)/jve.]

NOTICE 2886 OF 2001**THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY****NOTICE NO: 48/2001****NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP: DIE HOEWES EXTENSION 177**

The City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby gives notice in terms of section 69(6)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure attached hereto, has been received by it.

The particulars of the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Chief Town Planner, Centurion Municipal Offices, corner of Basden Avenue and Rabie Street, Die Hoewes, for a period of 28 days from 30 May 2001.

Objections to or representation in respect of the application may be lodged with or made in writing in duplicate to the Chief Town Planner at the above address or at P O Box 14013, Lyttelton, 0140 within a period of 28 days from 30 May 2001.

ANNEXURE*Name of township: Die Hoewes Extension 177.*

Name of applicant: Leonie du Bruto Town and Regional Planners on behalf of M J Fowler.

Number of erven in proposed township: 2 erven consisting of the following: Erf 1 - Residential 3, Erf 2 - Residential 3.

Description of property: Portion 52 of the farm Lyttelton 381-JR.

Locality of township: Situated in Bernini Crescent which links up with Glover Avenue, Lyttelton Agricultural Holdings Extension 1.

DR T E THOHLANE, Municipal Manager

Reference No: 16/3/1/869.

KENNISGEWING 2886 VAN 2001**TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT****KENNISGEWING NO: 48/2001****KENNISGEWING VAN AANSOEK OM DORPSTIGING: DIE HOEWES UITBREIDING 177**

Die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit gee hiermee kennis in terme van artikel 69(6)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Hoofstadsbeplanner, Centurion Munisipale kantore, hoek van Basden en Rabiestraat, Centurion vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet skriftelik en in tweevoud by of tot die Hoofstadsbeplanner, by die voormelde adres binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001, ingedien of gerig word.

BYLAE*Naam van dorp: Die Hoewes Uitbreiding 177.*

Naam van applikant: Leonie du Bruto Stads- en Streekbeplanners namens M J Fowler.

Aantal erwe in beoogde dorp: 2 erwe bestaande uit: Erf 1 - Residensiël 3, Erf 2 - Residensiël 3.

Beskrywing van die eiendom: Gedeelte 52 van die plaas Lyttelton 381-JR.

Ligging van die eiendom: Geleë in Berninisingel wat aansluit by Gloverlaan, Lyttelton Landbouhoewes Uitbreiding 1.

DR T E THOHLANE, Munisipale Bestuurder

Verwysing No. 16/3/1/869.

30-6

NOTICE 2887 OF 2001**NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)****GERMISTON AMENDMENT SCHEME 813**

The Ekurhuleni Metropolitan Council (Greater Germiston Administrative Unit), being the owner of Portion 646 (a portion of portion 623) of the farm Rietfontein 63 IR, hereby gives notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that it has applied for the amendment of the town planning scheme known as the Germiston Town-planning Scheme, 1985, by the rezoning of the property described above, being a portion of North Reef Road, from "Special" subject to certain conditions to "Industrial 1" subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Director: Planning and Development, 2nd Floor, Room 108, Planning and Development Service Centre, No 15 Queen Street, Germiston, for a period of 28 days from 30 May 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Director: Planning and Development at the above address, or at P.O. Box 145, Germiston, 1400, within a period of 28 days from 30 May 2001.

Ekurhuleni Metropolitan Council

Civic Centre, Cross Street, Germiston

Notice No: PD 48/2001,
T2/M/813**KENNISGEWING 2887 VAN 2001****KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)****GERMISTON WYSIGINGSKEMA 813**

Die Ekurhuleni Metropolitaanse Raad (Groter Germiston Administratiewe Eenheid), synde die eienaar van Gedeelte 646 ('n gedeelte van gedeelte 623) van die plaas Rietfontein 63 IR, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat hy aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as die Germiston Dorpsbeplanningskema, 1985, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, wat 'n gedeelte van Northreefweg is van "Spesiaal" onderworpe aan sekere voorwaardes tot "Nywerheid 1", onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van hierdie aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling, 2de Vloer, Kamer 108, Planning and Development Service Centre, Queenstraat 15, Germiston, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001, skriftelik by of tot die Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling, by die bogenoemde adres of by Posbus 145, Germiston, 1400, ingedien of gerig word.

Ekurhuleni Metropolitaanse Raad

Burgersentrum, Cross Straat, Germiston

Kennissgewing Nr: PD 48/2001,
T2/M/813

30-6

NOTICE 2888 OF 2001**WESTERN METROPOLITAN LOCAL COUNCIL****NOTICE FOR THE DIVISION OF LAND****NOTICE NUMBER 59/2001**

Western Metropolitan Local Council hereby gives notice in terms of Section 6 (8) of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance 20 of 1986), that an application to divide the land described hereunder has been received.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the SE: Housing and Urbanisation, 9 Madeline Street, Florida.

Any person who wishes to object to the application or make representations in regard thereto shall submit his objections or representations in writing and in duplicate to the above address or to the SE: Housing and Urbanisation, Private Bag X30, Roodepoort, 1725, any time within a period of 28 days from the date of the first publication of this notice.

Notice of first publication: 30 May 2001.

Description of land: Portion 95 (a portion of Portion 9) of the farm Roodekrans 183 IQ.

A division into five of which Portion 1 is 4,4185 ha, Portion 2 is 1,0672ha, Portion 3 is 1,0061 ha, Portion 4 is 1,0061 ha and the Remainder is 1,0672 ha in extent.

C.J.F. COETZEE (Pr Ing.), Acting Chief Executive Officer

Civic Centre, Roodepoort

30 May 2001

Notice No 59/2001

NOTICE 2889 OF 2001**MOGALE CITY LOCAL MUNICIPALITY****NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL**

Notice is hereby given in terms of section 12 (1) (a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), that the provisional valuation roll for the financial years 1 July 2001 to 30 June 2005 is open for inspection at the office of Mogale City Local Municipality, from 30 May 2001 to 27 July 2001 and any owner of rate payable property or other person who desires to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter recorded in the provisional valuation roll as contemplated in section 10 of the said Ordinance, including the question of whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempted there from in respect of any omission or any matter from such roll, shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge an objection before the Valuation Board unless he has timeously lodged and objection on the prescribed form.

W VOGES, Secretary: Valuation Board

Civic Centre, J G Strijdom Square, Commissioner Street, Krugersdorp

30 May 2001

Notice No. 13/2001

KENNISGEWING 2888 VAN 2001**WESTELIKE METROPOLITAANSE PLAASLIKE OWERHEID****KENNISGEWING VIR DIE VERDELING VAN GROND****KENNISGEWINGNOMMER 59/2001**

Die Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad gee hiermee ingevolge artikel 6 (8) van die Ordonnansie op Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie 20 van 1986), kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die SUB: Behuising en Verstedeliking, Madelinestraat 9, Florida.

Enige persoon wat teen die aansoek beswaar wil maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of vertoë skriftelik en in tweevoud by bovermelde adres of, by die SUB: Behuising en Verstedeliking, Privaatsak X30, Roodepoort, 1725 te enige tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing, indien.

Datum van eerste publikasie: 30 Mei 2001.

Beskrywing van grond: Gedeelte 95 ('n gedeelte van Gedeelte 9) van die plaas Roodekrans 183 IQ.

'n Verdeling in vyf Gedeeltes onderskeidelik waarvan Gedeelte 1 ongeveer 4,4185 ha, Gedeelte 2—1,0672 ha, Gedeelte 3—1,0061 ha, Gedeelte 4—1,0061 ha en die Restant ongeveer 1,0672 ha is.

C.J.F. COETZEE (Pr Ing.), Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte

Burgersentrum, Roodepoort

30 Mei 2001

Kennisgewing Nr 59/2001

30-6

KENNISGEWING 2889 VAN 2001**MOGALE CITY PLAASLIKE MUNISIPALITEIT****KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS AANVRA****(Regulasie 5)**

Kennis geskied hierby dat ingevolge artikel 12 (1) (a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1 Julie 2001 tot 30 Junie 2005 oop is vir inspeksie by die kantoor van Mogale City Plaaslike Munisipaliteit vanaf 30 Mei 2001 tot 27 Julie 2001 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Hoof Uitvoerende Beampte ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys opgeteken soos in artikel 10 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige wysiging van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui, beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat daar geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die Waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

W VOGES, Sekretaris: Waarderingsraad

Burgersentrum, J G Strijdomplein, Commissionerstraat, Krugersdorp

30 Mei 2001

Kennisgewing Nr. 13/2001

NOTICE 2890 OF 2001

LOCAL AUTHORITY NOTICE

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT
OF TOWNSHIP**EKURHULENI METROPOLITAN COUNCIL****(BOKSBURG ADMINISTRATIVE UNIT)****NOTICE 42/2001**

The Ekurhuleni Metropolitan Council (Boksburg Administrative Unit), hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) read with section 96 (3) of the said Ordinance that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Head: Boksburg Administrative Unit, Office 241, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg for a period of 28 days from 30 May 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Head: Boksburg Administrative Unit at the above address or at P.O. Box 215, Boksburg, 1460 within a period of 28 days from 30 May 2001.

ANNEXURE*Name of township: Ravenswood Extension 53.**Full name of applicant: D & H Electrical Contractor and Labour Hire CC.**Number of erven in proposed township: "Residential 1": 1, "Special" for offices and recreation: 1, "Private Open Space: 1.**Description of land on which township is to be established: Holding 71, Ravenswood, Agricultural Holdings Settlement, Registration Division IR, Province of Gauteng.**Situation of proposed township: West of Trichardts Road, bordered by Holding 69 Ravenswood Agricultural Holdings Settlement in the north, Holding 70 Ravenswood Agricultural Holdings Settlement in the west and Portion 389 of the farm Klipfontein 83 IR in the south.**Reference No.: 14/19/3/R2/53(HS).***NJ SWANEPOEL, Head: Boksburg Administrative Unit****KENNISGEWING 2890 VAN 2001**

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

EKURHULENI METROPOLITAANSE RAAD**(BOKSBURG ADMINISTRATIEWE EENHEID)****KENNISGEWING 42/2001**

Die Ekurhuleni Metropolitaanse Raad gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) gelees met artikel 96 (3) van die gemelde ordonnansie, kennis dat 'n aansoek om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Hoof: Boksburg Administratiewe Eenheid, Kantoor 241, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 skriftelik en in tweevoud by of tot die Hoof: Boksburg Administratiewe Eenheid by bovermelde adres of by Posbus 215, Boksburg, 1460, ingedien of gerig word.

BYLAE*Naam van dorp: Ravenswood Uitbreiding 53.**Volle naam van aansoeker: D & H Electrical Contractor and Labour Hire CC.**Aantal erwe in voorgestelde dorp: "Residensieel 1": 1, "Spesiaal" vir kantore en ontspanning: 1, "Privaat Oopspasie: 1.**Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Hoewe 71, Ravenswood Landbouhoewes, Nedersetting, Registrasie afdeling IR, Gauteng Provinsie.**Ligging van grond waarop dorp gestig staan te word: Wes van Trichardtsweg, begrens deur Hoewe 69, Ravenswood Landbouhoewes, Nedersetting in die noorde, Hoewe 70, Ravenswood Landbouhoewes Nedersetting in die weste en Gedeelte 389 van die Plaas Klipfontein 83 IR in die suide.**Verwysingsnommer No.: 14/19/3/R2/53(HS).***NJ SWANEPOEL, Hoof: Boksburg Administratiewe Eenheid**

30-6

NOTICE 2891 OF 2001**BENONI AMENDMENT SCHEME 1/1111****AMENDMENT OF THE BENONI INTERIM TOWN PLANNING
SCHEME 1/175**

In terms of Section 34A of Ordinance 25 of 1965 it is hereby announced that Terraplan Associates has applied for the amendment of the Benoni Interim Town-Planning Scheme 1/175 in order to amend the zoning of Portion 43 of the farm Vlakfontein 30-IR from "Agricultural" to "Business 1" with the inclusion of a place of amusement and refreshment, car sales mart, motor workshops, a parking garage and such other land uses as may be permitted with the special consent of the Local Authority.

The Interim Scheme and particulars of the amendment thereof are open for inspection at the office of the Chief Executive Officer, as well as with the Head Urban Development and Planning, c/o Tom Jones Street and Elston Avenue, Benoni, Treasury Building, Room 601.

Any objections to or representations in regard of the amendment shall be submitted in writing with the Head Urban Development and Planning, at the above address or Private X014, Benoni, 1500, on or before 2001-06-27 and shall reach that office not later than 14:00 on the said date.

KENNISGEWING 2891 VAN 2001**BENONI WYSIGINGSKEMA 1/1111****WYSIGING VAN DIE BENONI VOORLOPIGE DORPS-
BEPLANNINGSKEMA 1/175**

Ingevolge die bepalings van Artikel 34A van Ordonnansie 25 van 1965 word hiermee bekend gemaak dat Terraplan Medewerkers aansoek gedoen het vir die wysiging van die Benoni Voorlopige Dorpsbeplanningskema 1/175 ten einde die sonering van Gedeelte 43 van die plaas Vlakfontein 30-IR te wysig vanaf "Landbou" na "Besigheid 1" met die insluiting van ververwingsplekke, vermaaklikheidsplekke, motorverloopmark, motorwerkswinkels en parkeer-garage en sodanige ander gebruike soos toegelaat met die spesiale toestemming van die Plaaslike Bestuur.

Die Voorlopige Skema en besonderhede en die wysiging is ter insae by die kantoor van die Hoof Stedelike Ontwikkeling en Beplanning, h/v Tom Jonesstraat en Elstonlaan, Benoni, Tesouriegebou, Kamer 601.

Enige beswaar of vertoë in verband met die wysiging moet skriftelik aan die Hoof Stedelike Ontwikkeling en Beplanning by bovermelde adres of Privaatsak X014, Benoni, 1500, op of voor 2001-06-27 ingedien word en moet die kantoor nie later as 14:00 op genoemde datum bereik nie.

Dates of publication: 2001-05-30 and 2001-06-06.

P.M. MASEKO, Municipal Manager

Administration Building, Municipal Offices, Elston Avenue, Benoni, 1501

2001-05-30

(Notice No. 90/2001)

Datums van publikasie: 2001-05-30 en 2001-06-06.

P.M. MASEKO, Munisipale Bestuurder

Administratiewe Gebou, Munisipale Kantore, Elstonlaan, Benoni, 1501

2001-05-30

(Kennisgewing No. 90/2001)

NOTICE 2892 OF 2001

SANDTON AMENDMENT SCHEME

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE SANDTON TOWN PLANNING, 1980, IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

We, Hunter Theron Inc., being the authorised agent of the owner of portion 1 Erf 2269 Bryanston Extension 1 Township, hereby give notice in terms of Section 56 (1) (b) (i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the amendment of the Town Planning Scheme known as Sandton Town Planning Scheme, 1980 by the rezoning of the property described above, situated to the south of Croydon Road, Bryanston Extension 1, from "Residential 1" with a density of "one dwelling house per erf" to "Residential 1" with a density of "one dwelling house per 1 000 m²", and the subsequent subdivision of the erf into two portions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Eastern Metropolitan Local Council, Strategic Executive: Urban Planning and Development, Building 1, Ground Floor, Fedsure-on Grayston Office Block, Corner of Grayston Drive and Linden Road, Strathavon, for a period of 28 days from 30 May 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Strategic Executive: Urban Planning and Development at the above address or at Private Bag X9938, Sandton, 2146, within a period of 28 days from 30 May 2001.

Address of Agent: Hunter Theron Inc., P O Box 489, Florida, 1716. Telephone Number: (011) 472-1613. Fax Number: (011) 472-3454.

KENNISGEWING 2892 VAN 2001

SANDTON WYSIGINGSKEMA

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE SANDTON DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1980, INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ons, Hunter Theron Ing., synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 1 van Erf 2269, Bryanston Uitbreiding 1, gee hiermee ingevolge Artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ons by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema, bekend as die Sandton Dorpsbeplanningskema, 1980, deur die hersonering van die eiendomme hierbo beskryf, geleë ten suide van Croydonweg Bryanston Uitbreiding 1, vanaf "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per erf na "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 1 000 m², en die verdere onderverdeling van die erf in twee gedeeltes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad, Strategiese Uitvoerende Beampte: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Blok 1, Grondvloer, Fedsure-on-Grayston Kantoorpark, hoek van Graystonrylaan en Lindenweg, Strathavon, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 2001 skriftelik by of tot die Strategiese Uitvoerende Beampte: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, by bogenoemde adres of by Privaatsak X9938, Sandton, 2146, ingedien of gerig word.

Adres van Agent: Hunter Theron Ing., Posbus 489, Florida Hills, 1716. Telefoon Nommer: (011) 472-1613. Faks Nommer: (011) 472-3454.

30-6

NOTICE 2893 OF 2001

ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME RO1869

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE ROODEPOORT TOWN PLANNING SCHEME, 1987, IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

The firm Hunter, Theron Inc., being the authorized agent of the owners Erven 1236, 1237, 1238 Helderkrui X4, hereby give notice in terms of Section 56 (1) (b) (i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Western Metropolitan Local Council, for the amendment of the Town Planning Scheme known as the Roodepoort Town Planning Scheme, 1987, by the rezoning of the properties described above, situated to the north of Ontdekkers Road, and east of Ruhamah Drive in the township of Helderkrui X4, from respectively "Residential 1" to "Business 1" including, offices, medical consulting rooms, medical clinics, professional suites and dwelling units and such uses as the City Council may approve by special consent and subject to certain conditions.

KENNISGEWING 2893 VAN 2001

ROODEPOORT WYSIGINGSKEMA RO1869

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN ROODEPOORT DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1987, INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Die firma Hunter Theron Ing., synde die gemagtigde agent van die eienaars van Erve 1236, 1237, 1238 Helderkrui X4 gee hiermee ingevolge Artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ons by die Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema, bekend as die Roodepoort Dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van die eiendomme hierbo beskryf geleë ten noorde van Ontdekkersweg en ooste van Ruhamah Rylaan in die dorp Helderkrui X4 vanaf "Residensieel 1" en "Besigheid 1" insluitend kantore, mediese spreekkamers, mediese kliniek, professionele kamers en wooneenhede en sodanige ander gebruike wat die Stadsraad mag goedkeur met spesiale toestemming onderworpe aan sekere voorwaardes.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the enquiry counter SE: Housing and Urbanisation, Ground Floor, 9 Madeline Street, Florida, for a period of 28 days from 30 May 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the SE: Housing and Urbanisation at the above address or at Private Bag X30, Roodepoort, 1725, within a period of 28 days from 30 May 2001.

Address of applicant: Hunter Theron Inc., P O Box 489, Florida Hills, 1716. Tel: (011) 472-1613. Fax: (011) 472-3454.

NOTICE 2894 OF 2001

ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME RO1864

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE ROODEPOORT TOWN PLANNING SCHEME, 1987, IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

We, Hunter, Theron Inc., being the authorized agent of the owner of Erf 498, Florida Hills Township, hereby give notice in terms of Section 56 (1) (b) (i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Western Metropolitan Local Council, for the amendment of the Town Planning Scheme known as the Roodepoort Town Planning Scheme, 1987, by the rezoning of the property described above, situated to the north of and abutting Cheviot Road and to the south of and abutting Kenya Road, Florida Hills Township, from "Residential 1" with a density of "one dwelling per erf" to "Residential 1" with a density of one dwelling per 700 m², in order to permit the subdivision thereof into two portions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the enquiry counter SE: Housing and Urbanisation, Ground Floor, 9 Madeline Street, Florida, for a period of 28 days from 30 May 2001.

